



RGN-HSRC

SENTRUM VIR BIBLIOTEK- EN  
INLIGTINGSDIENSTE  
CENTRE FOR LIBRARY AND  
INFORMATION SERVICES

VERVALDATUM/DATE DUE

12/12/95 ILL  
Teng 24/11/95


TERUG



182571811F



\* 2 8 7 1 6 6 \*



1929933866

287166

**Die distribusie van vars groente en vrugte  
in die Republiek van Suid-Afrika Deel II.  
Riglyne vir die uitbreiding, opgradering,  
verskuiwing en sluiting van bestaande  
marke, asook die vestiging  
van nuwe marke.**

# **RGN-Reeks: Varsprodukte-ondersoek**

Reeksredakteur: Sieg Marx

## **GEPUBLISEERDE TITELS**

---

1. **Prysvorming by die bemerking van vars vrugte en vars groente in die Republiek van Suid-Afrika.** D S Langley, J van Zyl.
2. **Distribusie van vars vrugte en vars groente in die Republiek van Suid-Afrika.** J A de Villiers, J G van Deventer.
3. **Riglyne vir die uitbreiding, opgradering, verskuiwing en sluiting van bestaande marke, asook die vestiging van nuwe marke.** D B J van Rensburg.
4. **Standardisation of the grading, packaging, labelling, inspection, palliation and control systems in the fresh produce industry in the Republic of South Africa.** M A Louw, P F Birkby, J J Steenekamp.
5. **Inligtingsaangeleenthede met betrekking tot die bemerking van varsprodukte in die Republiek van Suid-Afrika.** Buro vir Finansiële Analise, Universiteit van Pretoria.
6. **Inkomste- en kostestrukture van nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika.** Buro vir Finansiële Analise, Universiteit van Pretoria.
7. **Bylae B van die verslag oor die inkomste- en kostestrukture van die nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika.**
8. **Inkomste- en kostestrukture van markagentskappe op die nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika.** Finansiële Analise, Universiteit van Pretoria.
9. **Eienaarskap van die nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika.** LHA-Bestuurskonsultante.
10. **Aankoop en verbruik van vars groente en vrugte deur private huishoudings in die metropolitaanse gebiede van die Republiek van Suid-Afrika.** J H Martins.
11. **Aankoop en verbruik van vars groente en vrugte deur institusies in die Republiek van Suid-Afrika.** J H Martins.
12. **Reklame-aangeleenthede met betrekking tot die bemerking van vars groente en vrugte in die Republiek van Suid-Afrika.** Departement Bedryfs-  
ekonomie, Universiteit van Pretoria.
13. **Laws, by-laws and regulations which apply to fresh produce markets and the marketing of fresh produce.** K Miller, R Hirschowitz.
14. **Funksionarisse, bestuurstelsels en bedryfsvoering op die nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika.** Buro vir Finansiële Analise, Universiteit van Pretoria.
15. **Hoofverslag: Bemerking van varsprodukte in die Republiek van Suid-Afrika.** Sieg Marx

**Distribusie van vars  
groente en vars vrugte  
in die RSA  
Deel I**

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1990

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of met enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname; vermikrofilmings of inligtingsbewaring.

<b>RGN BIBLIOTEK</b>	
1991 9. 03.	
<b>HSRC LIBRARY</b>	
<b>STANDKODE</b>	<b>AANWINSNOMMER</b>
001.3072068	088405
HSRC FPI 3	

Uitgegee deur  
RGN-Uitgewers  
Privaatsak X41  
0001 Pretoria

# Voorwoord

Die ondersoek na die bemerking van varsprodukte in die RSA het 'n wye terrein bestryk soos duidelik blyk uit die lys navorsingstema's wat op die binneblad van hierdie verslag verskyn.

Die hoofdoel van hierdie navorsing is om relevante en bruikbare inligting aan die beleidmakers en bedryfsvoeders beskikbaar te stel op grond waarvan hulle moontlik beter besluite in belang van die varsproduktebedryf kan neem.

Die belangrikste beginsels wat die ondersoek ten grondslag lê, is wetenskaplikheid en onpartydigheid. Verder is gepoog om diepgaande, demokratiese en aanbevelingsgerigte navorsing binne 'n relatief kort tydsbestek te doen.

Ten einde die doelwitte te bereik en die beginsels te verantwoord, is al die belanghebbendes by die varsproduktebedryf, te wete produsente, verbruikers, markeienaars, markbesture, markagente, groothandelaars, kleinhandelaars, die kettingwinkelgroepe, institusionele kopers, die informele sektor, bemerkingsrade en beurse, die sentrale en provinsiale owerhede, die georganiseerde handel, vervoerinstansies en verskaffers van landbou-insette deur middel van posopnames en/of groepbesprekings en/of persoonlike onderhoude by die ondersoek betrek.

Waar toepaslik, is bepaalde aspekte van die bemerking van varsprodukte in die RSA, ook in die lig van oorsese bemerkingspraktyke, in perspektief geplaas.

Dit word vertrou dat die inligting in hierdie verslag wat oor die "Die distribusie van vars groente en vrugte in die Republiek van Suid-Afrika Deel II. Riglyne vir die uitbreiding, opgradering, verskuiwing en sluiting van bestaande marke, asook die vestiging van nuwe marke" handel, die betrokke bedryfsvoeders in staat sal stel om die regte dinge die eerste keer reg te doen en hulle besluite so te neem dat tydig, ekonomies en effektief aangepas kan word by die huidige en toekomstige geleenthede en bedreigings in die varsproduktebedryf.

## Ten slotte 'n opregte dankwoord aan:

- Minister Jacob de Villiers, voormalige Minister van Landbou wat die ondersoek goedgekeur het en die fondse daarvoor bewillig het.
- Die Departement van Landbou en die Kommissie vir Varsproduktemarke vir hulpverlening.

- Die Hoofkomitee en tien Werkkomitees vir vakkundige en bedryfskundige bydraes.
- Instansies en individue uit die varsproduktebedryf vir finansiële bydraes.
- Die deelnemers aan die ondersoek vir inligting, voorstelle en standpunte.
- Die navorsers vir hulle taak.
- Mnr. Dave Langley vir vakkundige koördinering.
- Mev. Elsa Geldenhuys vir administratiewe koördinering.
- Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en meer bepaald die divisie Menslike Hulpbronstrategieë van die Groep: Menslike Hulpbronne vir verskaffing van 'n infrastruktuur.
- Die Topbestuur vir die Universiteit van Pretoria wat toegestem het dat ek die ondersoek as navorsingsdirekteur kon lei.

**SIEG MARX**  
*Reeksredakteur*

Maart 1991

# Inhoudsopgawe

	<i>Bladsy</i>
<b>1 Bestuuropsomming</b> .....	<b>1</b>
1.1 Inleiding .....	1
1.2 Riglyne vir bestuursbesluite .....	1
1.3 Bestaansreg van bestaande marke .....	2
1.4 Potensiële gebiede vir die vestiging van nuwe marke .....	2
1.5 Riglyne vir die deurlopende monitor van bedryfstaktendense ....	2
<b>2 Inleiding tot die studie</b> .....	<b>3</b>
2.1 Probleemstelling en doel met studie .....	3
2.2 Hipotesestelling .....	3
2.3 Studiemetodiek en -benadering .....	3
2.4 Plan van die verslag .....	4
<b>3 Terreinverkenning</b> .....	<b>5</b>
3.1 Inleiding .....	5
3.2 Geografies belangrike markgebiede in Suid-Afrika .....	5
3.3 Ligging van nasionale varsproduktemarke .....	6
3.4 Relatiewe belang van elk van die nasionale varsprodukte- marke .....	6
3.4.1 Algemeen .....	6
3.4.2 PWV-gebied .....	11
3.4.3 Kaapse Skiereiland en Boland .....	16
3.4.4 Durban/Pinetown/Pietermaritzburg .....	16
3.4.5 Potchefstroom/Klerksdorp .....	17
3.4.6 Port Elizabeth/Uitenhage .....	17
3.4.7 Welkom .....	17



3.4.8	Oos-London/Kingwilliamstown .....	17
3.4.9	Bloemfontien .....	17
3.4.10	Kimberley .....	18
3.4.11	Nasionaal .....	18
3.5	Moontlike riglyne vir die bestaansreg van bestaande en die potensiaal vir die vestiging van nuwe nasionale varsprodukte- marke .....	18
3.5.1	Riglyne vir die bestaansreg van bestaande Nasionale Varsproduktemark .....	18
3.5.2	Riglyne vir die potensiaal vir die vestiging van nuwe varsproduktemarke .....	19
3.6	Moontlike riglyne vir die lewensvatbaarheid vir uitbreiding aan en/of opgradering van bestaande varsproduktemarke .....	19
3.7	Samevatting .....	20
<b>4</b>	<b>Die bestaansreg van bestaande en die potensiaal vir die vestiging van nuwe varsproduktemarke .....</b>	<b>21</b>
4.1	Inleiding .....	21
4.2	Beoordeeling aan die hand van markaandeelstandaardmaat- stawwe .....	21
4.2.1	— Bree-vraagfaktormaatstawwe .....	21
4.2.2	Spesifieke vraagfaktormaatstawwe .....	44
4.3	Meting aan die hand van bedryfsvergelikende maatstawwe .....	51
4.4	Samevatting .....	51
4.4.1	Algemeen .....	51
4.4.2	Bestaansreg van individuele marke .....	57
4.4.3	Potensiaal vir vestiging van nuwe marke .....	59
<b>5</b>	<b>Riglyne vir die lewensvatbaarheid vir uitbreiding en/of opgradering van bestaande varsproduktemarke .....</b>	<b>63</b>
5.1	Inleiding .....	63
5.2	Vloerbenutting en vloeropbrengs .....	63
5.3	Markinkomste .....	63
5.4	Koste verbonde aan uitbreiding en/of opgradering .....	64
5.5	Samevatting .....	66
<b>6</b>	<b>Samevatting van bevindings en aanbevelings .....</b>	<b>67</b>
6.1	Inleiding .....	67
6.2	Riglyne by die bepaling van die bestaansreg van bestaande nasionale varsproduktemarke .....	67

6.3	Riglyne by die bepaling van die potensiaal vir die vestiging van nuwe nasionale varsproduktemarke .....	68
6.4	Riglyne by die bepaling van die lewensvatbaarheid van opgradering en/of uitbreiding van bestaande nasionale varsproduktemarke .....	68
6.5	Samevatting .....	69
	<b>Bronnelys .....</b>	<b>71</b>

# Lys van tabelle

<i>Tabel</i>	<i>Bladsy</i>
3.1 Persentuele belang van bepaalde landdrosdistrikgebaseerde gebiede in Suid-Afrika in terme van bruto geografiese produk, stedlike bevolking en arbeidsvergoeding .....	7
3.2 Ligging van nasionale varsproduktemarke en hul primêre bedieningsgebiede .....	10
3.3 Massa ('000t) van groente en vrugte jaarliks verkoop op die veertien nasionale varsproduktemarke, 1980 - 1988 .....	12
3.4 Indekse van volume groei in die verkope van groente en vrugte op die veertien nasionale varsproduktemarke (1980=100), 1980 - 1988 .....	13
3.5 Markaandeel (op grond van massa groente en vrugte jaarliks verkoop) van die veertien nasionale varsproduktemarke, 1980 - 1988 .....	14
3.6 Aartappels, tamaties en uie as 'n presentasie van die totale massa groente en vrugte jaarliks verkoop op die veertien nasionale varsproduktemarke, 1980 - 1988 .....	15
3.7 Die massa van verkope van bepaalde produkte op die veertien nasionale varsproduktemarke as 'n persentasie van die nasionale produksie daarvan, 1980 - 1988 .....	16
4.1 Prestasievlakke van nasionale varsproduktemarke gemeet aan die hand van die bruto geografiese produk as markaan-deelstandaard, 1980, 1985 en 1988 .....	22

4.2	Prestasievlakke van nasionale varsproduktemarke gemeet aan die hand van arbeidsvergoeding as markaandeelstandaard, 1980, 1985 en 1988 .....	30
4.3	Prestasievlakke van nasionale varsproduktemarke gemeet aan die hand van stedelike bevolking as markaandeelstandaard, 1980, 1985 en 1988 .....	37
4.4	Prestasievlakke van nasionale varsproduktemarke gemeet aan die hand van kleinhandelsverkope van bederfbare en verwerkte voeselprodukte as markaandeelstandaard, 1988 ....	45
4.5	Prestasievlakke van nasionale varsproduktemarke gemeet aan die hand van gewigte toegeken aan bepaalde gebiede in die verbruikersprysindeks (VPI) vir aartappels as markaandeelstandaard, 1985 .....	47
4.6	Prestasievlakke van nasionale varsproduktemarke gemeet aan die hand van gewigte toegeken aan bepaalde gebiede in die verbruikersprysindeks (VPI) vir uie as markaandeelstandaard, 1985 .....	48
4.7	Prestasievlakke van nasionale varsproduktemarke gemeet aan die hand van gewigte toegeken aan bepaalde gebiede in die verbruikersprysindeks (VPI) vir tamaties as markaandeelstandaard, 1985 .....	49
4.8	Prestasievlakke van nasionale varsproduktemark gemeet aan die hand van gewigte toegeken aan bepaalde gebiede in die verbruikersprysindeks (VPI) vir alle varsgroente as markaandeelstandaard, 1985 .....	50
4.9	Totale markvloeroppervlakte van die veertien nasionale varsproduktemarke, 1985 – 1988 .....	52
4.10	Vloerbenutting (ton per m <sup>2</sup> ) deur die veertien nasionale varsproduktemarke, 1985 – 1988 .....	52
4.11	Vloerbenutting (R per m <sup>2</sup> ) teen 1988 pryse deur die veertien nasionale varsproduktemarke, 1985 – 1988 .....	53
4.12	Standaard vloeropbrengs vir die veertien nasionale varsproduktemarke, 1985 – 1988 .....	54
4.13	Gemiddelde prys (R per ton) vir varsprodukte behaal deur die veertien nasionale varsproduktemarke, 1985 – 1988 .....	55
4.14	Prestasie van die veertien nasionale varsproduktemarke teenoor verskillende markaandeelstandaarde, 1980, 1985 en 1988 .....	55

4.15	Prestasie van die veertien nasionale varsproduktemarke teenoor die bedryfsvergelykendemaatstawwe van vloerbenutting en -opbrengs, 1985 – 1988 .....	56
4.16	Opsomming van aandele in markaandeelstandaardmaatstawwe vir geografiese belangrike markgebiede teenoor volume-omsette op varsproduktemarke in Suid-Afrika, 1988 ..	60
5.1	Prestasie van die Vereeniging- en Oos-Londenmarke na vloeroppervlakte-uitbreidings, 1985 – 1988 .....	65

# Bestuursopsomming

## 1.1 INLEIDING

By gebrek aan konkrete riglyne vir bestuursbesluite rakende die vestiging, uitbreiding, opgradering, verskuiwing en sluiting van varsproduktemarke in Suid-Afrika, is hierdie studie onderneem om sodanige riglyne daar te stel.

Vestigingsplekke bepaal distribusiemetodes, -patrone en -koste van produksiegebiede na marke en van marke na verbruikers. Vir die rede is die geografiese verspreiding, grootte, ontwikkeling en groei van markgebiede belangrik en kan maatstawwe wat dit meet, nuttig as riglyne vir bestuursbesluite aangewend word.

## 1.2 RIGLYNE VIR BESTUURSBESLUIE

Markaandeelstandaarde in die vorm van vraagfaktore soos die bruto geografiese produk, arbeidsvergoeding, stedelike bevolking, kleinhandelsverkope van voedsel en gewigte toegeken aan vars groente en vrugte in die verbruikersprysindeks verskaf duidelike riglyne rakende die bepaling van die bestaansreg van bestaande en die potensiaal vir die vestiging van nuwe nasionale varsproduktemarke. Hiernaas bied varsgroente bedryfsvergelykende maatstawwe soos gemiddelde vloerbenutting, vloeropbrengs en pryse behaal per ton produkte verkoop verdere riglyne vir die bepaling van die bestaansreg van bestaande nasionale varsproduktemarke, asook riglyne by besluite rakende die uitbreiding of opgradering van bestaande marke. Deur laasgenoemde aan te vul met 'n vergelyking van besparings of die addisionele inkomste wat verkry moet word om die koste verbonde aan uitbreiding en/of opgradering te regverdig, kan besluite in die verband geneem word.

Geeneen van die daargestelde riglyne vervang egter winsgewendheid as primêre kriterium by besluite oor die bestaansreg van bestaande nasionale varsproduktemarke, en die bedryfsekonomeiese uitvoerbaarheidstudie as kriterium vir besluite oor die vestiging van nuwe nasionale varsproduktemarke nie.

Laasgenoemde geld ook by uitbreiding en/of opgraderingsbesluite. (As plaaslike owerheidsinstellings het die klem by nasionale varsproduktemarke in die verlede hoofsaaklik op dienslewering geval en nie op winsgewendheid nie.)

### **1.3 BESTAANSREG VAN BESTAANDE MARKE**

Meting van die bestaansreg van huidige nasionale varsproduktemarke aan die hand van die daargestelde riglyne dui daarop dat die bestaansreg van die Vereeniging- en Uitenhagemarke betwyfel word. Algehele swak prestasie teen daargestelde standarde is die rede vir twyfel oor die bestaansreg van die Vereenigingmark. Die sluiting van die relatief klein Uitenhagemark, wat bedryfsgewys ondergemiddeld presteer, kan die swak bedryfsprestasie van die Port Elizabethmark aansienlik verbeter.

### **1.4 POTENSIËLE GEBIEDE VIR DIE VESTIGING VAN NUWE MARKE**

Die Oos- en Wes-Rand bied hoë potensiaal as moontlike gebiede vir die vestiging van nuwe nasionale varsproduktemarke. Hul ligging naby die bestaande Johannesburgmark kan sodanige vestiging egter onlonend maak. Die enigste ander gebiede met potensiaal vir varsproduktemarke, in die vorm waarin dit huidig bestaan, is Pietersburg/Potgietersrus en die Bethlehem-Ladysmith-as. Die Nelspruit-gebied, Newcastle, Rustenburg en Richardsbaai/Empangeni bied ook potensiaal vir die vestiging van nuwe varsproduktemarke, maar in 'n ander minder kapitaalintensiewe vorm as die bestaande marke.

### **1.5 RIGLYNE VIR DIE DEURLOPENDE MONITOR VAN BEDRYFSTAKTENDENSE**

Dit is wenslik dat die verskillende riglyne in die verslag geïdentifiseer op 'n kontinue basis in die bedryfstak gebruik word. Dié bedryfsverhouding kan in 'n rekenaarprogram opgeneem word om afwykende tendense aan te toon.

# Inleiding tot die studie

## 2.1 PROBLEEMSTELLING EN DOEL MET STUDIE

'n Gebrek aan konkrete riglyne bestaan vir bestuursbesluite rakende die vestiging, uitbreiding, opgradering, verskuiwing en sluiting van varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika. Binne die breë raamwerk van die bemerking van varsgroente en -vrugte, en meer spesifiek die distribusie daarvan, verlang die opdraggewer objektiewe en wetenskaplik gefundeerde riglyne in hierdie verband vir bestuursbesluitneming in die toekoms. Die studie poog om sodanige riglyne daar te stel.

## 2.2 HIPOTESESTELLING

Varsproduktemarke is individuele sakeondernemings. Vir die rede is wetenskaplike sakebeginsels ook op hulle van toepassing en behoort riglyne vir die vestiging, uitbreiding, opgradering, verskuiwing en sluiting van sakeondernemings ook vir hulle te geld.

## 2.3 STUDIEMETODIEK EN -BENADERING

Die studie is aan die hand van die ontleding van sekondêre gegewens uitgevoer .

Dit is benader van uit 'n streeksoopunt omdat al die bestaande Nasionale Varsproduktemarke hoofsaaklik die streke bedien waarin hulle geleë is. Vir die rede behoort dus eerder van Streeksvarsproduktemarke gepraat te word, onafhanklik van die grootte van elke mark of die produkverskeidenheid wat elke mark aanbied. <sup>1</sup>

---

<sup>1</sup> Die aspekte kom duidelik na vore uit die beredenerings in die verslag.



Verder is vraagfaktore as uitgangspunt geneem as moontlike maatstawwe vir die beoordeling van die bestaansreg van bestaande marke en die lewensvatbaarheid van punte vir die moontlike vestiging van nuwe marke.

Hiernaas is kosteberekeningsmaatstawwe gebruik by die bepaling van kriteria vir die uitbreiding en opgradering van bestaande marke.

Alle streeksontledings neem Suid-Afrika as geheel in ag, dws die Republiek van Suid-Afrika tesame met die Republieke van Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei. Die rede hiervoor is die feit dat produkbewegings oor die grense van hierdie state plaasvind en weglating van enige een skeefheid by die ontledings sal inbou.

## **2.4 PLAN VAN DIE VERSLAG**

Hierdie verslag is soos volg verdeel:

- ▣ 'n Terreinverkenning (hoofstuk 3) waarin perspektief verskaf word ten opsigte van geografies belangrike markgebiede in Suid-Afrika, die relatiewe belang van nasionale varsproduktemarke en moontlike riglyne vir die bepaling van die bestaansreg van bestaande marke, die potensiaal vir die vestiging van nuwe marke en die lewensvatbaarheid vir uitbreiding aan en/of opgradering van bestaande marke;
- ▣ Die meting van die bestaansreg van bestaande en die potensiaal vir vestiging van nuwe Nasionale Varsproduktemarke (hoofstuk 4) aan die hand van bepaalde markaandeelstandaard- en bedryfsvergelykende maatstawwe;
- ▣ Die daarstel van riglyne vir die bepaling van die lewensvatbaarheid vir uitbreiding en/of opgradering van bestaande nasionale varsproduktemarke (hoofstuk 5); en
- ▣ 'n Samevatting van bevindings en aanbevelings (hoofstuk 6).

# Terreinverkenning

### 3.1 INLEIDING

Die geografiese verspreiding, grootte, ontwikkeling en groei van markgebiede bepaal primêr die moontlike vestigingsplekke vir varsproduktemarke. Weens die bederfbaarheid van varsgroente en -vrugte is dit noodsaaklik dat marke so na as moontlik aan afsetgebiede geplaas sal word, met winspotensiaal en diens aan die plaaslike gemeenskap as die vernaamste kriteria. Vestigingsplekke, op hul beurt, bepaal weer distribusiemetodes, -patrone en -koste van produksiegebiede na marke en van marke na verbruikers.

Die hoofstuk verskaf perspektief met betrekking tot:

- Geografies belangrike markgebiede in Suid-Afrika
- Die ligging van bestaande nasionale varsproduktemarke
- Die relatiewe belang van elk van die nasionale varsproduktemarke in terme van die totale massa produkte deur hulle tesame gehanteer
- Moontlike riglyne vir die bepaling van die bestaansreg van bestaande en die potensiaal vir die vestiging van nuwe nasionale varsproduktemarke en
- Moontlike riglyne vir die bepaling van die lewensvatbaarheid vir uitbreiding aan en/of opgradering van bestaande varsproduktemarke.

### 3.2 GEOGRAFIES BELANGRIKE MARKGEBIEDE IN SUID-AFRIKA

Geografies belangrike markgebiede in Suid-Afrika kan geïdentifiseer word aan die hand van verskeie maatstawwe. Die belangrikste is die bruto geografiese produk wat gelykstaande is aan die vergoeding vir die produksiefaktore (grond, arbeid, kapitaal en ondernemerskap) vir hul bydrae tot produksie binne 'n bepaalde gebied. Ander breë maatstawwe sluit in stedelike bevol-

king en arbeidsvergoeding. Laasgenoemde bestaan uit bruto kontantsalarisse en lone, insluitend vakansie- en ander bonusse, vergoeding in natura en werkgewersbydraes tot fondse vir werkers.

Tabel 3.1 reflekteer die persentuele belang van metropolitaanse gebiede, groeipunte, -pole en -asse in Suid-Afrika<sup>1</sup> aan die hand van die genoemde maatstawwe. Die gebiede word in Kaart 3.1 geïllustreer.

Uit tabel 3.1 is dit duidelik dat, gemeet aan gestelde maatstawwe, die 19 geïdentifiseerde gebiede nagenoeg 80% van die totaal vir Suid-Afrika in terme van belangrikheid verteenwoordig. Die eersgenoemde 10 gebiede, waarbinne nasionale varsproduktemarke ook geleë is, verteenwoordig ongeveer 75% van die totaal vir Suid-Afrika.

### **3.3 LIGGING VAN NASIONALE VARSPRODUKTEMARKE**

Die ligging van nasionale varsproduktemarke en hul primêre bedieningsgebiede word in tabel 3.2 gegee.

### **3.4 RELATIEWE BELANG VAN ELK VAN DIE NASIONALE VARSPRODUKTEMARKE**

#### **3.4.1 Algemeen**

Die veertien nasionale varsproduktemarke<sup>2</sup> het gedurende 1988 'n totale massa-omset van ongeveer 2,2 miljoen ton varsgroente en vrugte gehad – ongeveer 34% meer as gedurende 1980 toe 'n massa-omset van ongeveer 1,6 miljoen ton bereik is. In terme van geldwaarde het die verkope gedurende 1988 ongeveer R1 068 miljoen beloop, teenoor die ongeveer R310 miljoen in 1980. In reële terme het die waarde van verkope oor die hele tydperk egter slegs met ongeveer R45 miljoen of ongeveer 15% toegeneem.

Die relatiewe belang van elk van die marke ten opsigte van mekaar en in terme van die totale massa produkte deur hulle tesame gehanteer, word in tabelle 3.3 tot 3.7 gegee. Tabel 3.3 bevat die massa groente en vrugte jaarliks verkoop op die veertien nasionale varsproduktemarke, terwyl tabel 3.4 'n aanduiding gee van indekse in volumegroei en tabel 3.5 'n aanduiding gee van markaandele op grond van die massa verkoop vir elk van die marke. Tabel 3.6 reflekteer die persentasie van die totale massa wat aartappels, tamaties en uie van die verkope op elk van die marke uitmaak, terwyl tabel 3.7 'n aanduiding gee van die massa groente en vrugte verkoop op al die marke as 'n persentasie van die nasionale produksie.

<sup>1</sup> Soos geïdentifiseer in die Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan vir Suid-Afrika, 1975, en daarna aangepas deur die Departement van Beplanning en Provinsiale Sake.

<sup>2</sup> Witbankmark uitgesluit omdat dit eers in 1989 as Nasionale mark verklaar is.

**TABEL 3.1**

Persentuele belang van bepaalde landdrosdistrikgebaseerde gebiede in Suid-Afrika in terme van bruto geografiese produk, stedelike bevolking en arbeidsvergoeding

Metropolitaanse gebiede groeipunte, -pole en -asse	Bruto geografiese produk %			Stedelike bevolking %			Arbeidsvergoeding %		
	1980	1985	1988	1980	1985	1988	1980	1985	1988
1. PWV-gebied	41,3	39,4	39,6	39,0	38,0	38,0	43,3	42,0	42,1
2. Kaapse Skiereiland en Boland	10,1	10,0	10,1	12,3	12,6	13,3	11,5	10,7	10,6
3. Durban/Pinetown/ Pietermaritzburg	9,3	9,1	9,2	12,5	13,2	12,4	10,2	9,9	9,8
4. Potchefstroom/ Klerksdorp	3,3	3,8	3,7	1,6	1,6	1,6	2,3	2,7	2,5
5. Port Elizabeth/ Uitenhage	3,2	3,1	3,2	4,7	5,0	4,9	3,5	3,4	3,9
6. Witbank/ Middelburg	2,5	2,4	2,3	0,9	0,8	0,7	1,5	1,3	1,2
7. Welkom	2,7	1,9	1,8	0,7	0,7	0,7	1,6	1,7	1,6
8. Oos-Londen/King- williamstown	1,3	1,2	1,2	2,6	2,9	2,9	1,4	1,5	1,7
9. Bloemfontein	1,4	1,5	1,6	1,7	1,6	1,6	1,6	1,8	1,9
10. Kimberley	0,6	0,9	0,9	1,1	1,0	0,9	0,7	1,2	1,2
<b>Subtotaal</b>	<b>75,7</b>	<b>73,3</b>	<b>73,6</b>	<b>77,1</b>	<b>77,4</b>	<b>77,0</b>	<b>77,6</b>	<b>76,2</b>	<b>76,5</b>
11. Richardsbaai/ Empangeni	0,5	0,6	0,6	0,3	0,3	0,3	0,5	0,5	0,6

TABEL 3.1 (vervolg)

Personele belang van bepaalde landroesdistrikgebaseerde gebiede in Suid-Afrika in terme van bruto geografiese produk, stedelike bevolking en arbeidsvergoeding

Metropolitaanse gebiede, groeipunte, -pole en -asse	Bruto geografiese produk %			Stedelike bevolking %			Arbeidsvergoeding %		
	1980	1985	1988	1980	1985	1988	1980	1985	1988
12. Pietersburg/Potgietersrus	0,7	1,0	1,0	0,8	0,8	0,8	0,7	1,1	1,1
13. Nelspruit/Wirivier/ Barberton	0,7	0,7	0,6	0,6	0,6	0,6	0,7	0,7	0,7
14. Bethlehem/Harri- smith/Ladysmith	0,7	0,7	0,7	1,1	1,1	1,1	0,6	0,6	0,6
15. Rustenburg	0,7	0,7	0,6	0,4	0,4	0,4	0,6	0,6	0,6
16. Newcastle	0,5	0,5	0,4	1,1	1,0	1,0	0,7	0,5	0,5
17. George/Knysna/ Mosselbaai	0,4	0,3	0,3	0,7	0,8	0,8	0,4	0,4	0,4
18. Ufington	0,2	0,3	0,3	0,3	0,4	0,3	0,2	0,3	0,3
19. Vredenburg	0,2	0,1	0,1	0,2	0,2	0,2	0,2	0,1	0,1
<b>Totaal metropolitaanse gebiede, groeipunte, -pole en -asse</b>	<b>80,3</b>	<b>78,2</b>	<b>78,2</b>	<b>82,6</b>	<b>83,0</b>	<b>82,5</b>	<b>81,9</b>	<b>81,0</b>	<b>81,4</b>
20. Res van Suid-Afrika	19,7	21,8	21,8	17,4	17,0	17,5	18,1	19,0	18,6
<b>Totaal RSA</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>

## BRONNE:

Consultor Groep (Edms) Bpk. 1990. *The green book of regional information for business and marketing planning purposes: Regional population figures per population group on a magisterial district basis for the years 1960, 1970, 1980, 1985 and 1988.* Spesiale navorsingsverslag RA2/1. Pretoria; *Gross geographic product and labour remuneration by magisterial district for South Africa.* Spesiale navorsingsverslag RA5/1. Pretoria.

**TABEL 3.2**

Ligging van nasionale varsproduktemarke en hul primêre bedieningsgebiede

Metropolitaanse gebiede, groeipunte, -pole, en -asse	Varsprodukte-mark-ligging	Primêre bedieningsgebied (landdrosdistrikte)
PWV-gebied	Johannesburg	Sentraal Rand: Johannesburg en Randburg Wes-Rand: Krugersdorp, Oberholzer, Randfontein, Roodepoort en Westonaria. Oos-Rand: Alberton, Benoni, Boksburg, Germiston en Kempton Park.
	Springs	Verre Oos-Rand: Brakpan, Springs, Delmas, Nigel en Heidelberg.
	Vereeniging	Suid-Rand: Vanderbijlpark, Vereeniging en Sasolburg.
	Pretoria	Groter Pretoria: Pretoria, Soshanguve, Wonderboom, Brits en Bronkhorstspuit. KwaNdebele: Alle distrikte Bophuthatswana: Odi en Moretele distrikte.
Kaapse Skiereiland en Boland	Kaapstad	Skiereiland: Bellville, Goodwood, Kaapstad, Simonstad, Wynberg en Kuilsrivier. Boland: Paarl, Somerset-Wes, Stellenbosch, Strand en Wellington.
Durban/Pinetown/Pietermaritzburg	Durban	Groter Durban: Durban, Inanda, Pinetown, Lower Tugela en Camperdown. Kwazulu: Embumbulu, Empumalanga, Ntunzuma en Umlazi.
	Pietermaritzburg	Pietermaritzburg. Kwazulu: Vulindlela en Ndwedwe.

**TABEL 3.2 (vervolg)**  
Ligging van nasionale varsprodukte-  
marke en hul primêre bedienings-  
gebiede

Metropolitaanse gebiede, groeipunte, -pole, en -asse	Varsprodukte- mark-ligging	Primêre bedienings- gebied (landdrostdistrikte)
Potchefstroom/Klerksdorp	Klerksdorp	Potchefstroom en Klerksdorp.
Port Elizabeth/ Uitenhage	Port Elizabeth	Port Elizabeth.
	Uitenhage	Uitenhage.
Witbank/Middelburg	Witbank	Witbank en Middelburg.
Welkom	Welkom	Welkom.
Oos-Londen/King- williamstown	Oos-Londen	Oos-Londen en King- williamstown.
Bloemfontein	Bloemfontein	Bloemfontein, Botshabello en Thaba'Nchu.
Kimberley	Kimberley	Kimberley.

### 3.4.2 PWV-gebied

Die massa groente en vrugte verkoop op die vier nasionale varsprodukte-  
marke wat hoofsaaklik hierdie gebied bedien, verteenwoordig ongeveer die  
helfte van die totale massa verkoop op al 14 nasionale varsprodukte-  
marke. Die aandeel toon egter 'n gelykmatige daling sedert 1980 – van ongeveer 51%  
in 1980 tot ongeveer 48% in 1989.

Op die basis van massa is sterk groei in verkope ondervind tussen 1980 en  
1984, waarna stagnasie ingetree het. Die tendens kan hoofsaaklik toegeskryf  
word aan die situasie op die Johannesburg- en Pretoriamarke. Weens die  
groot massa wat hulle hanteer (ongeveer 88% van die totaal vir die vier  
marke), domineer hulle die invloed van die volgehoue sterk groei (gemiddeld  
8,7% jaarliks) wat die aansienlik kleiner Springsmark ondervind. Verkope op  
die Vereenigingmark volg dieselfde patroon as die van die Johannesburg- en  
Pretoriamarke.

Ongeveer 57% van die massa-omset op die Springs en Vereeniging-  
marke word verteenwoordig deur die verkope van aartappels, tamaties en uie. Die  
ooreenstemmende syfer vir die Johannesburg- en Pretoriamarke is ongeveer  
49%. Die markaandeel van die produkte toon sedert 1980 'n volgehoue groei-  
ende tendens op al vier die genoemde marke.

TABEL 3.3

Massa ('000t) van groente en vrugte jaarliks verkoop op die veertien nasionale varsproduktemarke, 1980 - 1988.

	1980	1981	1982	1983	1984	1985	1986	1987	1988
Johannesburg	485	527	564	544	595	590	599	576	570
Springs	35	39	40	42	47	61	69	76	90
Vereeniging	39	46	47	46	52	60	53	47	54
Pretoria	281	298	323	322	354	348	338	342	338
<b>Totaal</b>	<b>840</b>	<b>910</b>	<b>974</b>	<b>954</b>	<b>1048</b>	<b>1059</b>	<b>1059</b>	<b>1041</b>	<b>1052</b>
Kaapstad	288	316	336	330	353	386	370	392	409
Durban	181	191	203	191	233	230	226	209	225
Pietermaritzburg	71	83	81	82	99	98	92	91	99
<b>Totaal</b>	<b>252</b>	<b>274</b>	<b>284</b>	<b>273</b>	<b>332</b>	<b>328</b>	<b>318</b>	<b>300</b>	<b>324</b>
Klerksdorp	34	38	37	35	49	53	57	57	66
Port Elizabeth	74	78	86	77	93	99	99	100	107
Uitenhage	23	28	30	25	31	30	28	21	19
<b>Totaal</b>	<b>97</b>	<b>106</b>	<b>116</b>	<b>102</b>	<b>124</b>	<b>129</b>	<b>127</b>	<b>121</b>	<b>126</b>
Welkom	15	19	22	24	29	27	28	30	34
Oos-Londen	32	42	52	51	64	73	70	67	72
Bloemfontein	54	59	58	56	66	74	76	73	80
Kimberley	24	28	26	23	27	28	29	27	28
<b>Totaal</b>	<b>1636</b>	<b>1792</b>	<b>1905</b>	<b>1848</b>	<b>2092</b>	<b>2157</b>	<b>2134</b>	<b>2108</b>	<b>2191</b>

BRON:

Suid-Afrika (Republiek). Direktoraat van Landbou-Ekonomiese Tendense, Departement van Landbou. 1980 tot 1988. *Statistiek oor Varsproduktemarke*. Pretoria.



TABEL 3.4

Indekse van volumegroei in die verkope van groente en vrugte op die veertien nasionale varsproduktemarke  
(1980=100), 1980 - 1988

	1980	1981	1982	1983	1984	1985	1986	1987	1988
Johannesburg	100	109	116	112	123	122	124	119	118
Springs	100	111	114	120	134	174	197	217	257
Vereeniging	100	118	121	118	133	154	136	121	138
Pretoria	100	106	115	115	126	124	120	122	120
<b>Totaal</b>	<b>100</b>	<b>108</b>	<b>116</b>	<b>114</b>	<b>125</b>	<b>126</b>	<b>126</b>	<b>124</b>	<b>125</b>
Kaapstad	100	110	117	115	123	134	128	136	142
Durban	100	106	112	106	129	127	125	115	124
Pietermaritzburg	100	117	114	115	139	138	130	128	139
<b>Totaal</b>	<b>100</b>	<b>109</b>	<b>113</b>	<b>108</b>	<b>132</b>	<b>130</b>	<b>126</b>	<b>119</b>	<b>129</b>
Klerksdorp	100	112	109	103	144	156	168	168	194
Port Elizabeth	100	105	116	104	126	134	134	135	145
Uitenhage	100	122	130	109	135	130	122	91	83
<b>Totaal</b>	<b>100</b>	<b>109</b>	<b>120</b>	<b>105</b>	<b>128</b>	<b>133</b>	<b>131</b>	<b>125</b>	<b>130</b>
Welkom	100	126	147	160	193	180	187	200	227
Oos-Londen	100	131	163	159	200	228	219	209	225
Bloemfontein	100	109	107	104	122	137	141	135	148
Kimberley	100	117	108	96	113	117	121	113	117
<b>Totaal</b>	<b>100</b>	<b>110</b>	<b>116</b>	<b>113</b>	<b>127</b>	<b>132</b>	<b>130</b>	<b>129</b>	<b>134</b>

**TABEL 3.5**

Markaandeel (op grond van massa groente en vrugte jaarliks verkoop) van die veertien nasionale varsprodukte-marke, 1980 - 1988

	1980	1981	1982	1983	1984	1985	1986	1987	1988
Johannesburg	29,6	29,4	29,6	29,4	28,5	27,4	27,8	27,3	26,0
Springs	2,1	2,2	2,1	2,3	2,9	2,8	3,2	3,6	4,1
Vereeniging	2,4	2,6	2,5	2,5	2,9	2,8	2,5	2,2	2,5
Pretoria	17,2	16,6	17,0	17,4	16,9	16,1	15,7	16,2	15,4
<b>Totaal</b>	<b>51,3</b>	<b>50,8</b>	<b>51,2</b>	<b>51,6</b>	<b>51,2</b>	<b>49,1</b>	<b>49,2</b>	<b>49,3</b>	<b>48,0</b>
Kaapstad	17,6	17,6	17,6	17,8	17,9	17,9	17,2	18,6	18,7
Durban	11,1	10,7	10,7	10,3	11,1	10,7	10,5	9,9	10,3
Pietermaritzburg	4,3	4,6	4,3	4,4	4,7	4,5	4,3	4,3	4,5
<b>Totaal</b>	<b>15,4</b>	<b>15,3</b>	<b>15,0</b>	<b>14,7</b>	<b>15,8</b>	<b>15,2</b>	<b>14,8</b>	<b>14,2</b>	<b>14,8</b>
Klerksdorp	2,1	2,1	1,9	1,9	2,5	2,5	2,6	2,7	3,0
Port Elizabeth	4,5	4,4	4,5	4,2	4,4	4,6	4,6	4,7	4,9
Uitenhage	1,4	1,6	1,6	1,4	1,4	1,4	1,3	1,0	0,9
<b>Totaal</b>	<b>5,9</b>	<b>6,0</b>	<b>6,1</b>	<b>5,6</b>	<b>5,8</b>	<b>6,0</b>	<b>5,9</b>	<b>5,7</b>	<b>5,8</b>
Welkom	0,9	1,1	1,2	1,3	1,4	1,3	1,3	1,4	1,6
Oos-Londen	2,0	2,3	2,7	2,8	3,1	3,4	3,2	3,2	3,3
Bloemfontein	3,3	3,3	3,0	3,0	3,2	3,4	3,5	3,5	3,7
Kimberley	1,5	1,6	1,4	1,2	1,3	1,3	1,3	1,3	1,3
<b>Totaal</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>

**TABEL 3.6**  
Aartappels, tamaties en uie as 'n presentasie van die totale massa groente en vrugte jaarliks verkoop op die veertien nasionale varsproduktemarke, 1980 - 1988.

	1980	1981	1982	1983	1984	1985	1986	1987	1988
Johannesburg	47	51	48	46	47	45	44	45	49
Springs	50	54	68	50	53	52	54	54	56
Vereeniging	51	51	51	50	52	55	57	57	57
Pretoria	46	47	47	43	47	47	44	46	48
<b>Totaal</b>	<b>47</b>	<b>50</b>	<b>48</b>	<b>45</b>	<b>47</b>	<b>46</b>	<b>44</b>	<b>46</b>	<b>49</b>
Kaapstad	42	43	43	40	43	41	40	41	40
Durban	58	63	63	60	64	66	64	62	62
Pietermaritzburg	56	62	57	56	63	65	62	60	58
<b>Totaal</b>	<b>57</b>	<b>63</b>	<b>61</b>	<b>59</b>	<b>64</b>	<b>66</b>	<b>63</b>	<b>61</b>	<b>61</b>
Klerksdorp	56	61	61	57	59	57	51	49	52
Port Elizabeth	40	43	40	38	42	41	41	43	47
Uitenhage	58	63	56	52	61	60	57	52	53
<b>Totaal</b>	<b>44</b>	<b>48</b>	<b>44</b>	<b>42</b>	<b>46</b>	<b>45</b>	<b>45</b>	<b>47</b>	<b>50</b>
Welkom	50	53	54	46	52	48	46	43	44
Oos-Londen	48	50	47	45	53	52	49	48	51
Bloemfontein	44	49	47	39	48	47	47	47	50
Kimberley	48	50	47	43	52	46	45	44	50
<b>Totaal</b>	<b>48</b>	<b>51</b>	<b>49</b>	<b>46</b>	<b>50</b>	<b>49</b>	<b>48</b>	<b>48</b>	<b>49</b>

BRON:

Suid-Afrika (Republiek). Direktoraat van Landbou-Ekonomiese Tendense, Departement van Landbou. 1980 tot 1988. *Statistiek oor Varsproduktemarke*. Pretoria.

**TABEL 3.7**

Die massa van verkope van bepaalde produkte op die veertien nasionale varsproduktemarke as 'n persentasie van die nasionale produksie daarvan, 1980 - 1988

Jaar	Aartappels, tamaties en uie	Ander groente	Alle groente	Vernaamste vrugte	Alle groente en vrugte
1980	64	42	54	32	60
1981	64	42	54	35	58
1982	64	47	58	33	63
1983	58	48	54	35	59
1984	67	50	60	31	65
1985	66	51	60	32	65
1986	63	51	59	32	64
1987	61	49	56	29	61
1988	60	47	55	33	60

## BRONNE:

Suid-Afrika (Republiek). Direktoraat van Landbou Ekonomiese Tendense, Departement van Landbou. 1980 tot 1988. *Statistiek oor Varsproduktemarke*. Pretoria; *Kortbegrip van Landbou-statistieke*. Pretoria.

### 3.4.3 Kaapse Skiereiland en Boland

Die massa groente en vrugte verkoop op die Kaapstadmark, wat hoofsaaklik die gebied bedien, verteenwoordig ongeveer een vyfde van die totale massa verkoop op al 14 nasionale varsproduktemarke. Die aandeel toon, na 'n tydperk van stagnasie, op ongeveer 17,6% tussen 1980 en 1986, goeie groei tot ongeveer 19% gedurende 1989. Op die basis van massa is egter volgehoue groei van gemiddeld ongeveer 4,5% jaarliks ondervind sedert 1980.

Aartappels, tamaties en uie verteenwoordig ongeveer 40% van die totale massa-omset op die Kaapstadmark.

### 3.4.4 Durban/Pinetown/Pietermaritzburg

Die massa groente en vrugte verkoop op die twee nasionale varsproduktemarke wat hoofsaaklik die gebied bedien, verteenwoordig ongeveer 15% van die totale massa verkoop op al 14 nasionale varsproduktemarkte. Die aandeel toon egter 'n gelykmatig dalende tendens wat veral aan die dalende aandeel van die Durbanmark toegeskryf kan word. Die marktaandeel van die Pietermaritzburgmark toon stagnasie op ongeveer 4,4%. Op die basis van massa wil dit voorkom asof stagnasie in verkope op albei marke sedert 1984 ingetree het.

Aartappels, tamaties en uie verteenwoordig ongeveer 60% van die massa-omset op beide marke.

### **3.4.5 Potchefstroom/Klerksdorp**

Die massa groente en vrugte verkoop op die Klerksdorpmark verteenwoordig tans ongeveer 3% van die totale massa verkoop op al 14 nasionale varsproduktemarke. Die aandeel het met ongeveer 50% toegeneem sedert 1980. Op die basis van massa is soortgelyke groei ondervind.

Aartappels, tamaties en uie verteenwoordig ongeveer 50% van die massa-omset op hierdie mark, met die aandeel dalend sedert 1980.

### **3.4.6 Port Elizabeth/Uitenhage**

Die massa groente en vrugte verkoop op die twee nasionale varsproduktemarke wat hoofsaaklik die gebied bedien, verteenwoordig ongeveer 6% van die totale massa verkoop op al 14 nasionale varsproduktemarke. Die aandeel toon stagnasie sedert 1980, soos ook die massa-omset, veral ná 1984. Dit kan toegeskryf word aan 'n gelykmatig groeiende tendens op die Port Elizabethmark wat deur 'n sterk dalende tendens op die Uitenhagemark gekanselleer word.

Aartappels, tamaties en uie verteenwoordig ongeveer 50% van die gesamentlike massa-omset op die twee marke, met die aandeel vir die Port Elizabethmark stygend sedert 1980 en dié vir die Uitenhagemark dalend sedert 1980.

### **3.4.7 Welkom**

Die massa groente en vrugte verkoop op die Welkommark verteenwoordig tans nagenoeg 2% van die totale massa verkoop op al 14 nasionale varsproduktemarke. Die aandeel toon 'n gelykmatige groeiende tendens sedert 1980, soos ook die massa-omset.

Aartappels, tamaties en uie verteenwoordig gemiddeld 45% van die massa-omset op die mark.

### **3.4.8 Oos-Londen/Kingwilliamstown**

Die massa groente en vrugte verkoop op die Oos-Londenmark verteenwoordig tans net meer as 3% van die totale massa verkoop op al 14 nasionale varsproduktemarke. Die aandeel het goeie groei getoon tussen 1980 en 1984, maar toon tekens van stagnasie daarna. Dieselfde geld vir die massa-omset.

Aartappels, uie en tamaties verteenwoordig ongeveer 50% van die massa-omset op die mark.

### **3.4.9 Bloemfontein**

Die massa groente en vrugte verkoop op die Bloemfonteinmark verteenwoordig nagenoeg 4% van die totale massa verkoop op al 14 nasionale varsproduktemarke. Die aandeel toon egter tekens van stagnasie sedert 1980. Die massa-omset toon, hierteenoor, gelykmatige groei sedert 1981.

Aartappels, tamaties en uie verteenwoordig ongeveer 50% van die massa-omset op hierdie mark, met die aandeel stygend.

### 3.4.10 Kimberley

Die massa groente en vrugte verkoop op die Kimberleymark verteenwoordig net meer as 1% van die totale massa verkoop op al 14 nasionale varsproduktemarke. Die aandeel toon sterk tekens van stagnasie, soos ook die massa-omset.

Aartappels, tamaties en uie verteenwoordig ongeveer 50% van die massa-omset op die mark.

### 3.4.11 Nasionaal

Die massa groente en vrugte verkoop op al 14 die nasionale varsproduktemarke toon, na 'n periode van groei tussen 1980 en 1984, sterk tekens van stagnasie op ongeveer 2,1 miljoen ton per jaar. As 'n persentasie van die nasionale produksie toon dit egter, sedert 1984, 'n gelykmatige daling.

## 3.5 MOONTLIKE RIGLYNE VIR DIE BESTAANSREG VAN BESTAANDE EN DIE POTENSIAAL VIR DIE VESTIGING VAN NUWE NASIONALE VARSPRODUKTEMARKE

### 3.5.1 Riglyne vir die bestaansreg van bestaande nasionale varsproduktemarke

Die enigste logiese riglyn vir die bepaling van die bestaansreg van 'n bestaande varsproduktemark word gevind in die winsgewendheid daarvan, te wete ten minste 'n positiewe syfer wanneer die wins wat in 'n finansiële jaar behaal is, uitgedruk word in 'n persentasie van die kapitaal wat in daardie jaar gebruik is om die wins te genereer. Die grootte van die syfer, as 'n verdere riglyn, hou verband met die doelwit wat die eienaars daarvoor gestel het.

Belangrike mark-gebiede	VPI-gewigte (%)	Mark-aandeel van nasionale varsproduktemarke (Waarde) (%)	Prestasie-vlak (%)	Opmerkings
1. PWV-gebied				
1.1 Witwatersrand	41,0	27,4	66,8	Onder std
1.2 Vaaldriehoek	4,9	3,3	67,3	Onder std
1.3 Pretoria	8,2	14,5	176,8	Bo std
1.4 PWV-gebied	54,1	45,2	83,5	Onder std
2. Kaapstad	16,3	15,9	97,5	Breek gelyk
3. Groter Durban-gebied				
3.1 Durban	9,0	13,1	145,6	Bo std
3.2 Pietermaritzburg	2,3	5,8	252,2	Bo std
3.3 Groter Durban-gebied	11,3	18,9	167,3	Bo std
4. Klerksdorp	2,3	2,9	126,1	Bo std
5. Port Elizabeth/Uitenhage	8,4	6,8	81,0	Onder std
6. Welkom (Goudveld)	2,3	1,3	56,5	Onder std
7. Oos-Londen	1,7	4,1	241,2	Bo std
8. Bloemfontein	2,3	3,6	156,5	Bo std
9. Kimberley	1,3	1,3	100,0	Breek gelyk
<b>10. Totaal</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	—	—

BRON:

Suid-Africa (Republiek). Sentrale Statistiekdiens. 1990 Ongepubliseerde verbruikersprysin-deks statistiek, 1985. Pretoria.

**TABEL 4.6**

**Prestasievlakke van nasionale varsproduktemarke gemeet aan die hand van gewigte toegeken aan bepaalde gebiede in die verbruikersprysindeks (VPI) vir uie as markaandeelstandaard, 1985**

Belangrike mark-gebiede	VPI-gewigte (%)	Mark-aandeel van nasionale varsproduktemarke (Waarde) (%)	Prestasievlak (%)	Opmerkings
1. PWV-gebied				
1.1 Witwatersrand	40,4	25,4	62,9	Onder std
1.2 Vaaldriehoek	13,1	3,7	28,2	Onder std
1.3 Pretoria	8,4	15,7	186,9	Bo std
1.4 PWV-gebied	61,9	44,8	72,4	Onder std
2. Kaapstad	13,2	14,5	109,8	Bo std
3. Groter Durban-gebied				
3.1 Durban	9,7	19,2	197,9	Bo std
3.2 Pietermaritzburg	2,1	5,9	280,9	Bo std
3.3 Groter Durban-gebied	11,8	25,1	212,7	Bo std
4. Klerksdorp	2,4	2,1	83,3	Onder std
5. Port Elizabeth/Uitenhage	5,3	4,9	92,5	Onder std
6. Welkom (Goudveld)	1,7	1,1	64,7	Onder std
7. Oos-Londen	1,3	4,0	307,7	Bo std
8. Bloemfontein	1,5	2,6	173,3	Bo std
9. Kimberley	0,9	1,0	111,1	Bo std
<b>10. Totaal</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	—	—

BRON:

Suid-Afrika (Republiek). Sentrale Statistiekdiens. 1990. Ongepubliseerde verbruikersprysindeks statistiek, 1985. Pretoria.

**TABEL 4.7**

Prestasievlakke van nasionale varsproduktemarke gemeet aan die hand van gewigte toegeken aan bepaalde gebiede in die verbruikersprysindeks (VPI) vir tamaties as markaandeelstandaard, 1985

Belangrike mark-gebiede	VPI-gewigte (%)	Mark-aandeel van nasionale varsproduktemarke (Waarde) (%)	Prestasievlak (%)	Opmerkings
1. PWV-gebied				
1.1 Witwatersrand	54,4	33,9	62,3	Onder std
1.2 Vaaldriehoek	5,5	2,7	49,1	Onder std
1.3 Pretoria	9,0	17,5	194,4	Bo std
1.4 PWV-gebied	68,9	54,1	78,5	Onder std
2. Kaapstad	9,3	11,2	120,4	Bo std
3. Groter Durban-gebied				
3.1 Durban	7,5	14,2	189,3	Bo std
3.2 Pietermaritzburg	2,2	4,2	190,9	Bo std
3.3 Groter Durban-gebied	9,7	18,4	189,7	Bo std
4. Klerksdorp	3,0	2,7	90,0	Onder std
5. Port Elizabeth/Uitenhage	3,6	4,0	111,1	Bo std
6. Welkom (Goudveld)	2,1	1,6	76,2	Onder std
7. Oos-Londen	0,9	3,3	366,7	Bo std
8. Bloemfontein	1,6	3,4	212,5	Bo std
9. Kimberley	0,9	1,3	144,4	Bo std
<b>10. Totaal</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	—	—

BRON:

Suid-Afrika (Republiek). Sentrale Statistiekdiens. 1990. Ongepubliseerde verbruikersprysindeks statistiek, 1985. Pretoria.

**TABEL 4.8**

Prestasievlakke van nasionale varsproduktemarke gemeet aan die hand van gewigte toegeken aan bepaalde gebiede in die verbruikersprysindeks (VPI) vir alle varsgroente as markaandeelstandaard, 1985

Belangrike mark-gebiede	VPI-gewigte (%)	Mark-aandeel van nasionale varsproduktemarke (Waarde) (%)	Prestasievlak (%)	Opmerkings
1. PWV-gebied				
1.1 Witwatersrand	46,2	30,9	66,9	Onder std
1.2 Vaaldriehoek	4,8	2,9	60,4	Onder std
1.3 Pretoria	9,0	16,3	181,1	Bo std
1.4 PWV-gebied	60,0	50,1	83,5	Onder std
2. Kaapstad	14,0	14,7	105,0	Breek gelyk
3. Groter Durban-gebied				
3.1 Durban	9,0	13,0	144,4	Bo std
3.2 Pietermaritzburg	2,2	4,8	218,2	Bo std
3.3 Groter Durban-gebied	11,2	17,8	158,9	Bo std
4. Klerksdorp	2,4	2,5	104,2	Breek gelyk
5. Port Elizabeth/Uitenhage	5,7	5,5	96,5	Breek gelyk
6. Welkom (Goudveld)	2,3	1,2	52,2	Onder std
7. Oos-Londen	1,3	3,5	269,2	Bo std
8. Bloemfontein	2,0	3,4	170,0	Bo std
9. Kimberley	1,1	1,3	118,2	Bo std
<b>10. Totaal</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	—	—

BRON:

Suid-Afrika (Republiek). Sentrale Statistiekdiens. 1990. Ongepubliseerde verbruikersprysindeks statistiek, 1985. Pretoria.

Die relatief lae prestasie van die Johannesburg-, Vereeniging- en Welkom-marke dui daarop dat verbruikers hul vars groente waarskynlik ook van ander voorsieningsbronne bekom.

### **4.3 METING AAN DIE HAND VAN BEDRYFSVERGELYKENDE MAATSTAWWE**

Bedryfsvergelykende maatstawwe soos vloerbenutting, vloeropbrengs en pryse behaal per ton produkte verkoop bied moontlikhede vir gebruik as riglyne by die beoordeling van die bestaansreg van bestaande markê. 'n Aanduiding van totale markvloeroppervlakte vir die 14 nasionale varsproduktemarke word in tabel 4.9 gegee, terwyl 'n aanduiding van vloerbenutting en -opbrengs vir die 14 nasionale varsproduktemarke in tabelle 4.10 en 4.11 weergee word.

Hiervolgens is dit duidelik dat slegs die Johannesburg-, Pretoria, Kaapstad- en Durbanmarke bogemiddeld presteer.

Ten einde die invloed van verskille by die benutting van vloeroppervlakte uit te skakel, is 'n standaard vloeropbrengs bereken waar vloerbenutting vir al die marke op dieselfde vlak geplaas word en opbrengs per vierkante meter op gelyke basis tussen marke vergelyk kan word.<sup>1</sup> Dit word in tabel 4.12 weergee. Op grond van die standaard presteer slegs die Johannesburg-, Pretoria-, Durban-, Klerksdorp-, Welkom- en Oos-Londenmarke beter as die gemiddeld. Die ander marke presteer almal ondergemiddeld met die rede hoofsaaklik geleë in die laer pryse per ton produkte, soos weergee in tabel 4.13, wat hulle realiseer.

### **4.4 SAMEVATTING**

#### **4.4.1 Algemeen**

Gegronde op die voorgaande ontledings, word die prestasie van die 14 nasionale varsproduktemarke in tabelle 4.14 en 4.15 opgesom. tabel 4.14 dui die prestasie van individuele marke teenoor verskillende markaandeelstandaarde aan, terwyl tabel 4.15 die prestasie van die verskillende marke teenoor die bedryfsvergelykende maatstawwe van vloerbenutting, vloeropbrengs en pryse behaal per ton verkoop, aandui.

Uit tabelle 4.14 en 4.15 is dit duidelik dat die Pretoriamark regdeur bogemiddeld presteer, terwyl die Vereenigingmark regdeur onderpresteer. Die ander marke presteer wisselend bo en onder die gestelde standaarde. Winsgewendheid bly die primêre riglyn, maar die gestelde standaarde kan 'n duidelike aanduiding van bestaansreg gee. Markaandeelstandaarde kan verder 'n duidelike aanduiding van markpotensiaal vir die vestiging van nuwe marke gee.

---

1 Die invloed van produkreeksverskille is nie hier in ag geneem nie. Dit kan 'n invloed uitoefen, omdat pryse met produksamestelling saamhang. Die vergelyking is egter 'n aanduider van prestasie omdat ondergemiddelde prestasie daarop kan dui dat produksamestelling aandag verdien.

**TABEL 4.9**  
Totale markvloeroppervlakte van die veertien nasionale  
varsproduktemarke, 1985 – 1988

Marke	1985	1986	1987	1988
Johannesburg	62 298	62 298	62 298	62 298
Springs	11 300	11 300	11 300	11 300
Vereeniging <sup>1</sup>	8 100	8 100	8 967	11 568
Pretoria	40 525	40 525	40 525	40 525
<b>Totaal</b>	<b>122 223</b>	<b>122 223</b>	<b>123 090</b>	<b>125 691</b>
Kaapstad	45 000	45 000	45 000	45 000
Durban	20 520	20 520	20 520	20 520
Pietermaritzburg	12 184	12 184	12 184	12 184
<b>Totaal</b>	<b>32 704</b>	<b>32 704</b>	<b>32 704</b>	<b>32 704</b>
Klerksdorp	10 235	10 235	10 235	10 235
Port Elizabeth	22 353	22 353	22 353	22 353
Uitenhage	3 584	3 584	3 584	3 584
<b>Totaal</b>	<b>25 937</b>	<b>25 937</b>	<b>25 937</b>	<b>25 937</b>
Welkom	8 208	8 208	8 208	8 208
Oos-Londen <sup>2</sup>	11 490	11 490	14 377	20 150
Bloemfontein	10 874	10 874	10 874	10 874
Kimberley	7 442	7 442	7 442	7 442
<b>Totaal</b>	<b>274 113</b>	<b>274 113</b>	<b>277 867</b>	<b>286 241</b>

1 Vereenigingmark het uitbreiding tot 11 568 m<sup>2</sup> in Oktober 1987 in gebruik geneem.

2 Oos-Londenmark het uitbreiding tot 20 150 m<sup>2</sup> in September 1987 in gebruik geneem.

**TABEL 4.10**  
Vloerbenutting (ton per m<sup>2</sup>) deur die veertien nasionale varsproduktemarke,  
1985 – 1988

Marke	1985	1986	1987	1988
Johannesburg	9,5	9,6	9,2	9,1
Springs	5,4*	6,1*	6,7*	10,1
Vereeniging	7,4*	6,5*	5,3*	4,7*
Pretoria	8,6	8,2	8,4	8,3
<b>Totaal</b>	<b>8,7</b>	<b>8,6</b>	<b>8,5</b>	<b>8,4</b>
Kaapstad	8,6	8,2	8,7	9,1
Durban	11,2	11,0	10,2	11,0



**TABEL 4.10 (vervolg)**

Vloerbenutting (ton per m<sup>2</sup>) deur die veertien nasionale varsprodukteemarke, 1985 - 1988

Marke	1985	1986	1987	1988
Pietermaritzburg	8,1	7,6*	7,4*	8,1
<b>Totaal</b>	<b>10,1</b>	<b>9,7</b>	<b>9,2</b>	<b>9,9</b>
Klerksdorp	5,1*	5,6*	5,5*	6,4*
Port Elizabeth	4,4*	4,4*	4,5*	4,8*
Uitenhage	8,3	7,9	6,0*	5,3*
<b>Totaal</b>	<b>4,9*</b>	<b>4,9*</b>	<b>4,7*</b>	<b>4,9*</b>
Welkom	3,3*	3,5*	3,6*	4,1*
Oos-Londen	6,4*	6,1*	4,6*	3,6*
Bloemfontein	6,8*	7,0*	6,7*	7,4*
Kimberley	3,7*	3,9*	3,6*	3,8*
Gemiddeld	7,9	7,8	7,6	7,6*

\* Dui op ondergemiddelde benutting

**TABEL 4.11**

Vloerbenutting (R per m<sup>2</sup>) teen 1988 pryse deur die veertien nasionale varsprodukteemarke, 1985 - 1988

Marke	1985	1986	1987	1988
Johannesburg	4 608	4 622	4 680	4 906
Springs	2 437*	2 765*	3 208*	3 719*
Vereeniging	3 011*	2 917*	2 466*	2 149*
Pretoria	4 167	3 974	4 179	4 070
<b>Totaal</b>	<b>4 155</b>	<b>4 124</b>	<b>4 275</b>	<b>4 276</b>
*Kaapstad	3 916	4 048	3 924	4 115
Durban	5 584	5 555	5 394	5 655
Pietermaritzburg	3 638*	3 538*	3 559*	3 640*
<b>Totaal</b>	<b>4 859</b>	<b>4 803</b>	<b>4 710*</b>	<b>4 905</b>
*Klerksdorp	2 525*	2 749*	2 759*	3 010*
*Port Elizabeth	1 837*	1 796*	1 782*	1 970*
Uitenhage	3 309*	3 053*	2 191*	1 949*
<b>Totaal</b>	<b>2 040*</b>	<b>1 969*</b>	<b>1 838*</b>	<b>1 967*</b>

**TABEL 4.11 (vervolg)**

Vloerbenutting (R per m<sup>2</sup>) teen 1988 pryse deur die veertien nasionale varsproduktemarke, 1985 - 1988

Marke	1985	1986	1987	1988
Welkom	1 598*	1 694*	1 805*	2 009*
Oos-Londen	3 295*	3 210*	2 383*	1 741*
Bloemfontein	3 347*	3 282*	3 297*	3 511*
Kimberley	1 799*	1 823*	1 658*	1 777*
Gemiddeld	3 730	3 730	3 730	3 730

\* Dui op ondergemiddelde vloeropbrengs.

**TABEL 4.12**

Standaard vloeropbrengs<sup>1</sup> vir die veertien nasionale varsproduktemarke, 1985 - 1988

Marke	1985	1986	1987	1988
Johannesburg	3 832	3 755	3 866	4 097
Springs	3 566*	3 536*	3 639*	2 798*
Vereeniging	3 215*	3 500*	3 536*	3 475*
Pretoria	3 828	3 780	3 781	3 727
<b>Totaal</b>	<b>3 773</b>	<b>3 740</b>	<b>3 822</b>	<b>3 869</b>
Kaapstad	3 598*	3 851	3 428*	3 437*
Durban	3 939	3 939	4 019	3 907
Pietermaritzburg	3 548*	3 630*	3 655*	3 415*
<b>Totaal</b>	<b>3 801</b>	<b>3 862</b>	<b>3 890</b>	<b>3 765</b>
Klerksdorp	3 911	3 828	3 812	3 574*
Port Elizabeth	3 299*	3 184*	3 010*	3 119*
Uitenhage	3 150*	3 014*	2 775*	2 794*
<b>Totaal</b>	<b>3 289*</b>	<b>3 135*</b>	<b>2 972*</b>	<b>3 051*</b>
Welkom	3 824	3 775	3 810	3 724
Oos-Londen	4 068	4 105	3 937	3 675*
Bloemfontein	3 888	3 656*	3 740	3 605*
Kimberley	3 840	3 646*	3 500*	3 554*
Gemiddeld	3 730	3 730	3 730	3 730

<sup>1</sup> Standaard vloeropbrengs =  $\frac{\text{Gemiddelde vloerbenutting}}{\text{Werklike vloerbenutting}} \times \text{Vloeropbrengs teen 1988-pryse}$

**TABEL 4.13**

Gemiddelde prys (R per ton) vir varsprodukte behaal deur die veertien nasionale varsproduktemarke, 1985 – 1988.

Marke	1985	1986	1987	1988
Johannesburg	501	488	509	537
Springs	463*	460*	480*	469*
Vereeniging	417*	452*	464*	462*
Pretoria	500	491	499	488
<b>Totaal</b>	<b>493</b>	<b>485</b>	<b>501</b>	<b>511</b>
Kaapstad	470*	500	452*	453*
Durban	512	512	532	515
Pietermaritzburg	463*	475*	481	449*
<b>Totaal</b>	<b>498</b>	<b>501</b>	<b>517</b>	<b>495</b>
Klerksdorp	501	501	501	470*
Port Elizabeth	429*	413*	401*	411*
Uitenhage	410*	394*	370*	369*
<b>Totaal</b>	<b>423*</b>	<b>409*</b>	<b>396*</b>	<b>405*</b>
Welkom	502	495	501	488
Oos-Londen	531	534	509	486
Bloemfontein	505	479*	492	477*
Kimberley	495	476*	468*	471*
Gemiddeld	488	488	488	488

\* Dui op ondergemiddelde prys per ton.

**TABEL 4.14**

Prestasie van die veertien nasionale varsproduktemarke teenoor verskillende markaandeelstandaarde, 1980, 1985 en 1988

Marke	Prestasie teenoor markaandeelstandaard				
	Bruto geografiese produk	Arbeidsvergoeding	Stedelike bevolking	Klein-handelsverkope van voedsel	VPI gewig vir vars-groente
Johannesburg	Onder	Onder	Onder	Onder	Onder
Springs	Bo	Bo	Bo	Bo	Bo
Vereeniging	Onder	Onder	Onder	Onder	Onder

**TABEL 4.14 (vervolg)**

Prestasie van die veertien nasionale varsproduktemarke teenoor verskillende markaandeelstandaarde, 1980, 1985 en 1988

Marke	Prestasie teenoor markaandeelstandaard				
	Bruto geografiese produk	Arbeidsvergoeding	Stedelike bevolking	Klein-handelsverkope van voedsel	VPI gewig vir vars-groente
Pretoria	Bo	Bo	Bo	Bo	Bo
<b>Totaal</b>	<b>Gelyk</b>	<b>Gelyk</b>	<b>Gelyk</b>	<b>Gelyk</b>	<b>Onder</b>
Kaapstad	Bo	Bo	Bo	Gelyk	Gelyk
Durban	Gelyk	Gelyk	Onder	Onder	Bo
Pietermaritzburg	Bo	Bo	Bo	Bo	Bo
<b>Totaal</b>	<b>Bo</b>	<b>Bo</b>	<b>Gelyk</b>	<b>Gelyk</b>	<b>Bo</b>
Klerksdorp	Onder	Gelyk	Bo	Bo	Gelyk
Port Elizabeth	Bo	Bo	Gelyk	Bo	Gelyk
Uitenhage	Bo	Bo	Gelyk	Bo	Gelyk
<b>Totaal</b>	<b>Bo</b>	<b>Bo</b>	<b>Gelyk</b>	<b>Bo</b>	<b>Gelyk</b>
Welkom	Onder	Onder	Bo	Gelyk	Onder
Oos-Londen	Bo	Bo	Gelyk	Bo	Bo
Bloemfontein	Bo	Bo	Bo	Bo	Bo
Kimberley	Gelyk	Onder	Bo	Gelyk	Bo

**TABEL 4.15**

Prestasie van die veertien nasionale varsproduktemarke teenoor die bedryfsvergeelykendemaatstawwe van vloerbenutting en opbrengs, 1985 - 1988

Marke	Prestasie teenoor die gemiddeld			
	Vloerbenutting (ton/m <sup>2</sup> )	Vloer-opbrengs (R/m <sup>2</sup> )	Standaard vloer-opbrengs	Prys per eenheid (R/ton)
Johannesburg	Bo	Bo	Bo	Bo
Springs	Onder	Onder	Onder	Onder
Vereeniging	Onder	Onder	Onder	Onder
Pretoria	Bo	Bo	Bo	Bo
<b>Totaal</b>	<b>Bo</b>	<b>Bo</b>	<b>Bo</b>	<b>Bo</b>

**TABEL 4.15 (vervolg)**

Prestasie van die veertien nasionale varsproduktemarke teenoor die bedryfsvergelystemaatstawwe van vloerbenutting en opbrengs, 1985 – 1988

Marke	Prestasie teenoor die gemiddeld			
	Vloerbenutting (ton/m <sup>2</sup> )	Vloeropbrengs (R/m <sup>2</sup> )	Standaard vloeropbrengs	Prys per eenheid (R/ton)
Kaapstad	Bo	Bo	Onder	Onder
Durban	Bo	Bo	Bo	Bo
Pietermaritzburg	Gelyk	Onder	Onder	Onder
<b>Totaal</b>	<b>Bo</b>	<b>Bo</b>	<b>Bo</b>	<b>Bo</b>
Klerksdorp	Onder	Onder	Bo	Bo
Port Elizabeth	Onder	Onder	Onder	Onder
Uitenhage	Onder	Onder	Onder	Onder
<b>Totaal</b>	<b>Onder</b>	<b>Onder</b>	<b>Onder</b>	<b>Onder</b>
Welkom	Onder	Onder	Bo	Bo
Oos-Londen	Onder	Onder	Bo	Bo
Bloemfontein	Onder	Onder	Gelyk	Gelyk
Kimberley	Onder	Onder	Onder	Onder

#### 4.4.2 Bestaansreg van individuele marke

##### JOHANNESBURGMARK

Die Johannesburgmark presteer regdeur bogemiddeld op grond van die gestelde bedryfsvergelystemaatstawwe, maar regdeur ondergemiddeld op grond van die gestelde marktaandeelstandaardmaatstawwe. Inaggenome die omvang van massa-omset deur hierdie mark en die voorgaande bevinding, bestaan geen twyfel oor die bestaansreg van die mark nie. Dit benut egter nie ten volle die markpotensiaal wat die primêre bedieningsgebied verskaf nie.

##### SPRINGSMARK

Die Springsmark presteer regdeur beter as die gestelde marktaandeelstandaarde, maar regdeur ondergemiddeld op grond van die gestelde bedryfsvergelystemaatstawwe. Inaggenom die sterk afsetgroei wat die mark ondervind, benut dit nie alleen die markpotensiaal wat die primêre bedieningsgebied verskaf goed nie, maar dring dit waarskynlik ook naasliggende markgebiede binne. Bedryfsgewys sal die bestaansreg van die mark egter aan winsgewendheidsdoelwitte gemeet moet word. Verdere uitbreiding en/of opgradering sal ook hierteenoor beoordeel moet word.

### VEREENIGINGMARK

Die Vereenigingmark onderpresteer regdeur op grond van beide die gestelde markaandeelstandaard- en bedryfsvergelykende maatstawwe. Inaggeneem die relatief lae massa-omset en stagnasie daarin op die mark, kan die bestaansreg daarvan bevraagteken word. Winsgewendheidsyfers sal van deurslaggewende belang wees.

### PRETORIAMARK

Die Pretoriamark presteer regdeur bogemiddeld op grond van beide die gestelde markaandeelstandaard- en bedryfsvergelykende maatstawwe. Die prestasie laat geen twyfel oor die bestaansreg van die mark nie.

### KAAPSTADMARK

Die Kaapstadmark presteer in lyn met die gestelde markaandeelstandaardmaatstawwe wat daarop dui dat dit die potensiaal wat die primêre bedieningsgebied bied, goed benut. Op grond van die gestelde bedryfsvergelykende maatstawwe presteer die mark ook goed, maar die relatief lae pryse wat dit vir produkte behaal, beperk die bedryfsprestasie van die mark.

### DURBANMARK

Die Durbanmark presteer bogemiddeld op grond van die gestelde bedryfsvergelykende maatstawwe, maar wisselend op grond van die gestelde markaandeelstandaardmaatstawwe. Inaggeneem die grootte van die massa-omsette deur hierdie mark bestaan geen twyfel oor die bestaansreg daarvan nie. Dit kan egter die markpotensiaal wat die premiêre bedieningsgebied bied, beter benut. In die verband wil dit voorkom asof die Pietermaritzburgmark wel die bedieningsgebied van die Durbanmark binnedring.

### PIETERMARITZBURGMARK

Die Pietermaritzburgmark presteer regdeur heelwat beter as die gestelde markaandeelstandaarde, wat daarop dui dat dit markgebiede buite die primêre bedieningsgebied binnedring. Op grond van die gestelde bedryfsvergelykende maatstawwe, presteer dit egter ondergemiddeld met die rede hoofsaaklik geleë in die relatief lae pryse wat dit vir produkte behaal. Vanuit 'n herdistribusie-oogpunt het hierdie mark dus goeie bestaansreg, maar behoort die bedryfsaspek daarvan aandag te geniet.

### KLERKSDORPMARK

Die Klerksdorpmark presteer in lyn met die gestelde markaandeelstandaarde en wisselend op grond vandie gestelde bedryfstandaarde. Die relatief hoë pryse wat dit vir produkte-behaal, blyk die bestaansreg van die mark te regverdig.

#### PORT ELIZABETH- EN UITENHAGEMARKE

Beide die Port Elizabeth- en Uitenhagemarke presteer in lyn met die gestelde markaandeelstandaarde, wat daarop dui dat hulle die potensiaal wat hul primêre bedieningsgebied bied, benut. Op grond van die gestelde bedryfsvergelykende maatstawwe, presteer beide egter regdeur ondergemiddeld. Inaggeneem die geïsoleerde ligging en relatief groot massa-omset, bestaan min twyfel oor die bestaansreg van 'n varsproduktemark in die gebied. Die lae en dalende verkoopsaandeel van die Uitenhagemark (ongeveer 15% gedurende 1988 vir die gebied) plaas 'n vraagteken agter die bestaansreg daarvan. Winsgewendheid sal egter deurslaggewend wees by 'n finale oordeel.

#### WELKOMMARK

Die Welkommark presteer wisselend ten opsigte van beide die gestelde markaandeelstandaard- en bedryfsvergelykende maatstawwe. Die markpotensiaal wat die primêre bedieningsgebied bied, word nie ten volle benut nie. Hierteenoor blyk die relatief hoë pryse wat dit vir produkte verkry, die bestaansreg daarvan te regverdig.

#### OOS-LONDENMARK

Die Oos-Londenmark presteer goed op grond van die gestelde markaandeelstandaarde, maar wisselend op grond van die gestelde bedryfstandaarde. Dit benut die potensiaal wat die primêre bedieningsgebied bied, en dring waarskynlik ander markgebiede binne. Die relatief hoë pryse wat dit vir produkte verkry, versterk die bestaansreg van hierdie mark.

#### BLOEMFONTEINMARK

Die Bloemfonteinmark presteer regdeur beter as die gestelde markaandeelstandaarde wat daarop dui dat dit 'n groter gebied bedien as die primêre bedieningsgebied. Op grond van die gestelde bedryfsvergelykende standaarde presteer dit egter ondergemiddeld. Die geïsoleerde ligging en massa produk wat dit hanteer verskaf strategiese bestaansreg aan die mark. Winsgewendheid sal egter, bedryfsgewys, die bestaansreg daarvan bepaal.

#### KIMBERLEYMARK

Die Kimberleymark presteer in lyn met die gestelde markaandeelstandaardmaatstawwe, maar regdeur ondergemiddeld op grond van die gestelde bedryfsvergelykende standaarde. Die geïsoleerde ligging van die mark verleen ook hier strategiese bestaansreg aan die mark, maar bedryfsgewys sal winsgewendheid alleen die bestaansreg daarvan bepaal.

#### **4.4.3 Potensiaal vir vestiging van nuwe marke**

Markaandeelstandaarde blyk duidelike riglyne te bied vir 'n bepaling van die potensiaal vir die vestiging van nuwe varsproduktemarke. Uit die voor-

gaande paragraaf 4.4.2 is dit egter ook duidelik dat veral die kleiner marke, hoewel hulle plaaslike markvraag kan bevredig, bedryfsgewys ondergemiddeld presteer. Afsnypte vir die bestaansreg van 'n varsproduktemark in die vorm waarin dit huidiglik bestaan, blyk te lê by die volgende minimum markaandeelstandaarde vir bestaande marke soos in tabelle 4.1 tot 4.3 bepaal:

Bruto geografiese produk	0,7%
Arbeidsvergoeding	0,7%
Stedelike bevolking	0,8%

Die gemiddeld van die som van die drie markaandeelstandaarde vir bepaalde gebiede kan egter 'n meer bevredigende riglyn bied. Dit word vir die geïdentifiseerde belangrike markgebiede in Suid-Afrika in tabel 4.16 weergee.

Uit tabel 4.16 is dit duidelik dat, gemeet aan die hand van die situasie in markgebiede met bestaande varsproduktemarke, die Oos-Rand, Wes-Rand, Pietersburg/Potgietersrus en Bethlehem-Ladysmith-as moontlik eie varsproduktemarke sal kan regverdig. Hiernaas bied die Nelspruit-gebied, Newcastle, Rustenburg en Richardsbaai/Empangeni ook potensiaal vir die vestiging van nuwe varsproduktemarke, maar moontlik in 'n ander minder kapitaalintensiewe vorm as die bestaande marke.

**TABEL 4.16**

Opsomming van aandele in markaandeelstandaardmaatstawwe vir geografies belangrike markgebiede teenoor volume-omsette op varsproduktemarke in Suid-Afrika, 1988

Metropolitaanse gebiede, groeipunte, -pole en -asse	Maatstawwe				
	Bruto geografiese produk	Arbeidsvergoeding	Stedelike bevolking	Gemiddeld	Volume-omsette op varsproduktemarke ('000 ton)
Beskik oor varsproduktemarke					
Sentraal-Rand	16,5	18,2	15,0	16,6	570
Kaapstad-gebied	12,9	12,7	16,1	13,9	409
Pretoria-gebied	12,3	13,8	10,1	12,1	338
Durban-gebied	10,3	10,8	13,0	11,4	225
Port Elizabeth	3,4	4,0	4,7	4,0	107



**TABEL 4.16 (vervolg)**

Opsomming van aandele in markaandeelstandaardmaatstawwe vir geografies belangrike markgebiede teenoor volume-omsette op varsproduktemarke in Suid-Afrika, 1988

Metropolitaanse gebiede, groeipunte, -pole en -asse	Maatstawwe				
	Bruto geografiese produk	Arbeidsvergoeding	Stedelike bevolking	Gemiddeld	Volume-omsette op varsproduktemarke ('000 ton)
Suid-Rand	3,6	3,2	4,1	3,6	54
Potchefstroom/Klerksdorp	4,7	3,0	1,9	3,2	66
Verre Oos-Rand	2,7	2,1	2,8	2,5	90
Oos-Londen/Kingwilliamstown	1,5	2,4	3,5	2,5	72
Bloemfontein-gebied	2,0	2,3	1,9	2,1	80
Pietermaritzburg-gebied	1,5	1,7	2,1	1,8	99
Welkom	2,3	2,0	0,8	1,7	34
Witbank/Middelburg	2,9	1,4	0,8	1,7	0
Kimberley	1,2	1,5	1,1	1,3	28
Uitenhage	0,7	0,7	1,2	0,9	19
Beskik nie oor varsproduktemarke					
Oos-Rand	8,5	8,8	9,2	8,8	-
Wes-Rand	7,0	4,6	4,9	5,5	-
Pietersburg/Potgietersrus	1,3	1,9	1,0	1,4	-
Bethlehem-Ladysmith-as	0,9	0,9	1,3	1,0	-
Nelspruit-gebied	0,8	0,9	0,7	0,8	-
Newcastle	0,5	0,6	1,2	0,8	-
Rustenburg	0,8	0,8	0,5	0,7	-
Richardsbaai/Empangeni	0,8	0,7	0,4	0,6	-
Upington	0,4	0,4	0,4	0,4	-
George/Knysna/Mosselbaai	0,4	0,5	1,0	0,3	-
Vredenburg	0,1	0,1	0,2	0,1	-
<b>Totaal</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	<b>2 191</b>

# Riglyne vir die bepaling van die lewensvatbaarheid vir uitbreiding en/of opgradering van bestaande varsproduktemarke<sup>1</sup>

## 5.1 INLEIDING

In die hoofstuk word die moontlikheid ondersoek vir 'n vergelyking van addisionele inkomste met uitgawes as riglyn vir die bepaling van die lewensvatbaarheid vir uitbreidings aan en/of die opgradering van bestaande varsproduktemarke. As basis vir die berekening geld vloeropbrengs (geld-omset) per vierkante meter en die koste per vierkante meter verbonde aan die beoogde uitbreiding of opgradering. Vir doeleindes van beredenering word met die gemiddelde syfers vir al 14 nasionale varsproduktemarke gewerk.

## 5.2 VLOERBENUTTING EN VLOEROPBRENGS

Vloerbenutting en vloeropbrengs vir die onderskeie varsproduktemarke is reeds in tabelle 4.10 en 4.11 weergee. Die gemiddelde totale vloerbenutting gedurende 1988 was 7,6 ton per vierkante meter, terwyl die gemiddelde vloeropbrengs R3 730 per vierkante meter beloop het.

## 5.3 MARKINKOMSTE

Die hoofbron van inkomste van 'n varsproduktemark is die 5% markgelde wat op die verkope van produkte gehof word. Gebaseer op die gemiddelde vloeropbrengs van R3 730 per vierkante meter gedurende 1988, het die gemiddelde markgelde R186,50 per vierkante meter beloop.

---

<sup>1</sup> Gebaseer op 'n dokument deur die Kommissie vir Varsproduktemarke voorberei: "Kriteria vir die beoordeling van die lewensvatbaarheid van uitbreidings aan 'n Nasionale Varsproduktemark".

Die bedrag verteenwoordig die gemiddelde fondse per vierkante meter beskikbaar vir die delging van bestaande koste en die lewering van 'n bydrae tot kapitaalfondse waaruit uitbreidings en/of opgradering gefinansier kan word. ('n Gemiddelde verdeling is nie beskikbaar nie.)

Uitbreiding en/of opgradering mag addisionele omsette tot gevolg hê, maar nie noodwendig nie. Die toevoeging van een vierkante meter vloeroppervlakte gaan nie noodwendig 'n toevoeging van gemiddeld 7,6 ton vloeromset en gemiddeld R3 730 vloeropbrengs teen 1988 pryse tot gevolg hê nie. Uitbreidings aan die Vereeniging- en Oos-Londenmarke bewys dat daar nie juis op addisionele omsette en inkomste staat gemaak kan word nie. Dit word in Tabel 5.1 verduidelik.

Gebaseer op die "standaardvloeropbrengs" het die Vereeniging- en Oos-Londenmarke soos volg na uitbreiding geprester in terme van persentasiegroei:

Vereenigingmark:	+ 9,3% )	Gemiddeld van standaardvloeropbrengs vir 1985/86 en 1987/88 as basis
	)	
Oos-Londenmark:	- 3,3% )	
Gesamentlik:	+ 2,8%	

#### **5.4 KOSTE VERBONDE AAN UITBREIDING EN/OF OPGRADERING**

Die koste verbonde aan die uitbreiding en/of opgradering van 'n varspduktemark kan hoofsaaklik in twee kategorië verdeel word, naamlik kapitaalkoste (rente en kapitaaldelging) en bedryfsuitgawes (die koste verbonde aan die bestuur en bedryf van die mark).

Die gemiddelde bedryfsuitgawe per vierkante meter vir die 14 nasionale varspduktemarke het R90,56 gedurende 1988 beloop. Kapitaalkostes per vierkantemeter per jaar op verbeteringe ter waarde van R1 000 en R1 500 per vierkante meter onderskeidelik en teen 'n rentekoers van 15% oor 'n tydperk van 20 jaar, het die volgende beloop:

R158,04 op verbeteringe ter waarde van R1000/m<sup>2</sup>

R237,12 op verbeteringe ter waarde van R1500/m<sup>2</sup>

Bedryfsuitgawes by uitbreiding en/of opgradering neem nie noodwendig in dieselfde verhouding met uitbreiding en/of opgradering toe nie. Sekere bedryfsuitgaweposte, byvoorbeeld personeel, administratiewe geboue, paaie en rekenaargeriewe mag bloot beter benut word. Daarom mag dit wees dat die koste verbonde aan bedryfsuitgawes per vierkante meter per jaar in die geval van uitbreidings en/of opgradering by 'n mark, laer as die berekende R90,56 sal wees.

**TABEL 5.1**  
Prestasie van die Vereeniging- en Oos-Londenmarke na vloeroppervlakte-uitbreidings, 1985 – 1988

Item	Vereenigingmark				Oos-Londenmark			
	1985	1986	1987	1988	1985	1986	1987	1988
Totale vloeroppervlakte (m <sup>2</sup> )	8 100	8 100	8 967	11 568	11 490	11 490	14 377	20 150
Vloeromset (Ton)	60 260	52 971	4 7309	53 817	73 401	70 211	66 692	72 175
Vloerbenutting (Ton/m <sup>2</sup> )	7,4	6,5	5,3	4,7	6,4	6,1	4,6	3,6
Vloeropbrengs teen 1988 pryse per m <sup>2</sup> (R)	3 011	2 917	2 466	2 149	3 295	3 210	2 383	1 741
Vloerbenutting op 1985 vloeroppervlakte (Ton/m <sup>2</sup> )	7,4	6,5	5,8	6,6	6,4	6,1	5,8	6,2
Vloeropbrengs teen 1988 pryse op 1985 vloeroppervlakte per m <sup>2</sup> (R)	3 011	2 917	2 730	3 069	3 295	3 210	2 982	3 053
Standaardvloeropbrengs (R)	3 011	3 321	3 483	3 441	3 295	3 368	3 290	3 151

Standaardvloeropbrengs = (1985 vloerbenutting) - (Vloerbenutting op 1985 vloeroppervlakte) x (Vloeropbrengs teen 1988 pryse op 1985 vloeroppervlakte)

Gebaseer op 'n totale koste van R248,60 (R158,04 + R90,56) per jaar vir verbeteringe ter waarde van R1 000 per vierkante meter en R327,68 (R237,12 +R90,56) per jaar vir verbeteringe ter waarde van R1 500 per vierkante meter, behoort 0,51 en 0,67 ton meer produkte teen gemiddelde 1988 pryse onderskeidelik per jaar deur 'n mark verkoop te word.

## **5.5 SAMEVATTING**

'n Vergelyking van die addisionele inkomste wat verkry moet word om die koste verbonde aan uitbreiding en/of opgradering van 'n varsproduktemark te regverdig, bied potensiaal vir gebruik as riglyn by uitbreidings- en/of opgraderingsbesluite. Van belang is dat uitbreiding en/of opgradering nie noodwendig addisionele inkomste tot gevolg sal hê nie en, by sodanige besluite, behoort hierdie feit deeglik in ag geneem te word.

Hiernaas moet kostebesparings wat by uitbreiding en/of opgradering gerealiseer kan word, ook in ag geneem word. Die bedryfsekonomiese uitvoerbaarheidstudie is die finale kriterium.

# Samevatting van bevindings en aanbevelings

### 6.1 INLEIDING

Die hoofstuk vat die bevindings en aanbevelings van die studie saam onder die volgende hoofde:

- (a) Riglyne by die bepaling van die bestaansreg van bestaande nasionale varsproduktemarke;
- (b) Riglyne by die bepaling van die potensiaal vir die vestiging van nuwe nasionale varsproduktemarke; en
- (c) Riglyne by die bepaling van die lewensvatbaarheid van opgradering en/of uitbreiding van bestaande Nasionale Varsproduktemarke.

### 6.2 RIGLYNE BY DIE BEPALING VAN DIE BESTAANS-REG VAN BESTAANDE NASIONALE VARSPRODUKTEMARKE

Uit die resultate van die studie is dit duidelik dat breë vraagfaktormaatstawwe soos bruto geografiese produk, arbeidsvergoeding en stedelike bevolking ewe handig as spesifieke vraagfaktormaatstawwe soos kleinhandelsverkope van voedsel en gewigte toegeken aan vars groente in die verbruikersprysindeks as riglyne by 'n bepaling van die bestaansreg van 'n nasionale Varsproduktemark gebruik kan word.

Die maatstawwe, verdeel in die vorm van geografiese markaandeelstandaarde, verskaf duidelike aanduidings van die mate waarin 'n nasionale varsproduktemark die markvraag in sy primêre bedieningsgebied bevredig al dan nie. Dit verskaf egter nie 'n aanduiding van bedryfs- of finansiële prestasie nie en in die verband is winsgewendheid die enigste ware kriterium. By gebrek aan winsgewendheidsyfers bied bedryfsvergelykende statistiek soos vloerbenutting, vloeropbrengs en pryse behaal per ton produkte verkoop, goeie maatstawwe vir beoordeling van bedryfsprestasie en dus ook bestaansreg.

Gemeet aan die genoemde maatstawwe kan die bestaansreg van die Vereniging- en die Uitenhagemarke huidiglik bevraagteken word. Die Verenigingmark presteer regdeur ondergemiddeld ten opsigte van al die gestelde standaarde, terwyl die relatief klein Uitenhagemark bedryfsgewys regdeur ondergemiddeld presteer. Sluiting van laasgenoemde kan die prestasie van die groter Port Elizabethmark, wat ook bedryfsgewys regdeur ondergemiddeld presteer, aansienlik verbeter.

### **6.3 RIGLYNE BY DIE BEPALING VAN DIE POTENSIAAL VIR DIE VESTIGING VAN NUWE NASIONALE VARS-PRODUKTEMARKE**

Uit die resultate van die studie is dit duidelik dat breë vraagfaktormaatstawwe soos bruto geografiese produk, arbeidsvergoeding en stedelike bevolking as riglyne gebruik kan word by die bepaling van die potensiaal vir die vestiging van nuwe nasionale varsproduktemarke.

Die maatstawwe verskaf 'n aanduiding van moontlike vraag, maar die finale kriterium sal die resultaat van 'n bedryfsekonomiese uitvoerbaarheidstudie wees. Gemeet teen die relatief lae massa-omsette van bestaande kleiner nasionale varsproduktemarke, bestaan min nuwe belangrike markgebiede in Suid-Afrika wat die potensiaal het vir die vestiging van nuwe nasionale varsproduktemarke in die vorm waarin hulle vandag voorkom.

Die Oos- en Wes-Rand bied hoë potensiaal, maar hul naasliggendheid aan die Johannesburgmark en die feit dat dié mark hierdie gebiede tans voorsien, kan die vestiging van nuwe nasionale varsproduktemarke aldaar onlonend maak.

Die enigste ander gebiede met potensiaal is Pietersburg/Potgietersrus en die Bethlehem-Ladysmith-as. Varsproduktemarke in die vorm waarin hulle huidiglik bestaan, kan moontlik hier geregverdig word.

Die Nelspruit-gebied, Newcastle, Rustenburg en Richardsbaai/Empangeni bied verder potensiaal vir die vestiging van nuwe varsproduktemarke in 'n ander minder kapitaalintensiewe vorm as die bestaande marke.

### **6.4 RIGLYNE BY DIE BEPALING VAN DIE LEWENSVATBAARHEID VAN OPGRADERING EN/OF UITBREIDING VAN BESTAANDE NASIONALE VARSPRODUKTEMARKE**

Vanuit die resultate van die studie is dit duidelik dat 'n vergelyking van die addisionele inkomste wat verkry moet word om die koste verbonde aan uitbreiding en/of opgradering te regverdig, gebruik kan word as riglyn by die bepaling van die lewensvatbaarheid van opgradering en/of uitbreiding van bestaande nasionale varsproduktemarke.

Hiernaas behoort bedryfsvergelykende statistiek ook gebruik te word ten einde te bepaal of veral uitbreiding-geregverdig kan word. Waar bestaande marke ondergemiddeld presteer, kan uitbreiding bevraagteken word. Dit

geld veral vir die Springs-, Vereeniging-, Pietermartizburg-, Port Elizabeth-, Uitenhage-, Bloemfontein- en Kimberleymarke.

Kostebesparings by uitbreiding- en/of opgraderingsbesluite moet ook inageneem word en, in die finale instansie, bied die bedryfsekonomiese uitvoerbaarheidstudie die enigste kriterium.

## **6.5 SAMEVATTING**

Uit dit voorgaande is dit duidelik dat die riglyne wat geïdentifiseer is, nuttig deur die bedryfstak by besluite oor bestaansreg, vestiging van nuwe marke en opgradering en/of uitbreiding gebruik kan word. Dit is wenslik dat hierdie riglyne op 'n kontinue basis in die bedryfstak gebruik word. Dié bedryfsverhoudings kan in 'n rekenaarprogram opgeneem word om afwykende tendense aan te toon.



# Bronnelys

- 1 CONSULTOR GROEP (EDMS) BPK. 1990. *The green book of regional information for business and marketing planning purposes: Regional population figures per population group on a magisterial district basis for the years 1960, 1970, 1980, 1985 and 1988*. Spesiale navorsingsverslag RA2/1. Pretoria.
- 2 CONSULTOR GROEP (EDMS) BPK. 1990. *The green book of regional information for business and marketing planning purposes: Gross geographic product and labour remuneration by magisterial district for South Africa*. Spesiale navorsingsverslag RA5/1. Pretoria.
- 3 CONSULTOR GROEP (EDMS) BPK. 1990. *The green book of regional information for business and marketing planning purposes: Retail trade sales on a regional basis for South Africa*. Spesiale navorsingsverslag RA6/1. Pretoria.
- 4 SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Direktoraat van Landbou-Ekonomiese Tendense, Departement van Landbou. 1980 tot 1988. *Statistiek oor varsproduktemarke*. Pretoria.
- 5 SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Direktoraat van Landbou-Ekonomiese Tendense, Departement van Landbou. 1980 tot 1988. *Kortbegrip van Landboustatistieke*. Pretoria.
- 6 SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Sentrale Statistiekdiens. 1990. Ongepubliseerde verbruikers-prysindeks statistiek, 1985. Pretoria.
- 7 SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Kommissie vir Varsproduktemarke, Departement van Landbou. 1989. Ongepubliseerde artikel: "Kriteria vir die beoordeling van die lewensvatbaarheid van uitbreidings aan 'n Nasionale Varsproduktemark". Pretoria.

